Vooruitsig vir die NWU

Om die uitdagings wat vir die hoëronderwyssektor in die algemeen en die NWU in die besonder voorlê te navigeer, sal dit vir ons van kritieke belang wees om op duidelik gedefinieerde prioriteite te fokus en ons hulpbronne wys aan te wend om dit te verwesenlik.

Ons prioriteite is:

Impak – Verwesenliking van die akademiese en maatskaplike impak deur innoverende en vooruitskouende benaderings en programme.

Groei – Uitbreiding van die omvang, kwaliteit, reikwydte en relevansie van ons produkte en aanbiedinge, en die verhoging van die aantal nagraadse studente.

Diversiteit – Viering van die diversiteit van NWU-belanghebbers deur inklusiewe praktyke.

Vennootskappe – Lewering deur waardetoevoegende vennootskappe.

Internasionalisering – Uitbou van die NWU se internasionale profiel deur samewerking met internasionale eweknieë op verskillende vlakke.

Bedryfsuitnemendheid – Uitstekende bedrywighede wat die deurlopende implementering van ons strategie verseker.

Uitstekende, studentgesentreerde leer en onderrig wat relevant is vir ons mark en kennisgenerering is sentraal tot ons kernbesigheid. Ons beoog om internasionale skakeling m.b.t. oop, afstand-, aanlyn en buigsame leer te verhoog, die digitale transformasie van onderrig en leer te ondersteun en meertaligheid te versterk.

Ons navorsing en innovasie sal strategies fokus op globale impak, die koestering van die volgende generasie navorsers en die verbetering van ons internasionale statuur en die sigbaarheid van vakkundiges en navorsingsuitsette.

Ons sal voortgaan om gemeenskapsbetrokkenheid met onderrig-leer en navorsing te integreer en te belyn.

Op mediumtermyn sal ons voortgaan met die vestiging van 'n mediese skool en verder ondersoek instel na die groei van volhoubare mynbou.

Samevatting

In 2023, 'n jaar van strewe na **grenslose grootsheid**, het ons voortgegaan om die NWU te posisioneer as 'n instelling van hoogstaande akademiese uitnemendheid met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid. Dit, tesame met 'n groter fokus op impak en relevansie, sal ons anker bly terwyl ons die nuwe strategie, Om die NWU vorentoe te neem – 2024 en verder, implementeer.

Ons het nuwe tegnologie ingespan om ons prosesse en waardeproposisie te verbeter en sien daarna uit om die Studente-inligtingstelsel in die komende jaar te implementeer

Nuwe navorsing en die deel van kennis tot voordeel van die samelewing het ons in staat gestel om voort te gaan om navorsers van hoë gehalte en nagraadse studente te lok, terwyl dit selfs groter waarde bied aan die gemeenskappe wat ons dien.

Gedurende 2023 het ons ons intellektuele en samewerkende netwerke, nasionaal en internasionaal, uitgebou en 'n nuwe generasie NWU-graduandi die wêreld ingestuur om 'n verskil te maak.

Ons is optimisties oor die toekoms, maar besef dat hoëronderwysbefondsing en water-, energie- en afvalbestuur kritieke aspekte van kommer is.

Klik op die skakels hieronder vir toegang tot verskeie bylaes tot die verslag.

Bylae 1:
2022 se Prestasie-beoordelingsverslag

Bylae 2:
Lys van komiteevergaderings

Bylae 3:
Samestelling van komitees

Bylae 4:
NWU-risikoregister

Bylae 5:
Finansiële Oorsig

Bylae 6:
Gekonsolideerde Finansiële Statesoos op 31 Desember 2023